Hoofstuk VI

# NATAL EN DIE ORANJE-VRYSTAAT

## 1. Natal

### a. Die beginjare (1835-1877)

Die geskiedenis van die onderwys en ook van onderwysersopleiding in Natal staan sterk in die teken van Britse beïnvloeding. Die invloed wat die Voortrekkerpioniers op die verloop van die onderwys=gebeure in hierdie provinsie kon uitgeoefen het, is grootliks verydel deur die feit dat met die finale Britse anneksasie van Natal in 1845, ruim tweederdes van die Voortrekkers na Transvaal en die Vrystaat verhuis het.[1)]

Die eerste aanstelling van 'n onderwyshoof in Natal was in 1859 toe dr. R.J. Mann as inspekteur en superintendent van onderwys benoem is. Dr. Mann was ook die persoon wat die eerste stap in die rig=ting van opleiding van onderwysers gedoen het met sy „Notes on the essentials of elementary instruct=tion for the use of teachers in the public schools of Natal", wat in 1863 verskyn.[2)]

Die eerste onderwysers is uit Brittanje en uit die Kaapkolonie ingevoer. Hierdie ingevoerde on=

---

1) Buys, B.R. Onderwys in Natal. (In Coetzee, J. Chr. (Red.). Onderwys in Suid-Afrika, p. 227.)

2) Ibid., p. 232.

derwysers kon in die begin in die behoeftes van die jong staat voorsien. Teen die begin van 1860 vind ons die volgende skole: twee staatskole t.w. in Pietermaritzburg en Durban, minstens agt private staats-ondersteunde skole en die Trekkerskole waarin die kinders van die Trekkers wat nie die land verlaat het nie, onderrig ontvang het.[1]

b. <u>Die Kwekelingstelsel</u>

Die behoefte aan meer onderwysers het die wetgewers egter genoodsaak om reëlings te tref vir die voorsiening van onderwysers. Deur die eerste onderwyswetgewing, t.w. Wet nr. 15 van 1877, is onder andere bepaal dat staatsprimêre modelskole ook kwekelingonderwysers sou oplei.[2] So word die stelsel van kwekelingonderwysers, wat teen hierdie tyd in die Kaapprovinsie 'n gevestigde praktyk was,[3] ook in Natal ten opsigte van onderwysersopleiding, aanvaar. Die Natalse stelsel was baie duidelik op die Britse lees geskoei.[4] Daarvolgens sou 'n aantal leerlingonderwysers by die staatsprimêre modelskole geplaas word om as onderwysers opgelei te word. Die kwekelinge moes ten minste vier uur per week onderrig van die hoof van die skool ontvang.

---

1) Buys, B.R., a.w., p. 232.

2) Steenkamp, L.S. Onderwys vir blankes in Natal, 1824-1940, p. 136.

3) Kyk bladsy 101 en verder.

4) Kellermann, a.w., p. 222.

Hulle moes by toelating as kwekelinge nie ouer as twaalf jaar wees nie. Die opleidingstydperk het oor vier jaar gestrek.[1] Jaarlikse toelaes van £18 vir die eerste jaar, £24 vir die tweede jaar, £30 vir die derde jaar en £36 vir die vierde jaar is aan kwekelinge betaal.[2] Alhoewel die owerhede die kwekelinge se toelaes in verhouding met ander stel= sels hoog gemaak en die toelatingsouderdom so laag gestel het, word daar nogtans gerapporteer dat dit moeilik gaan om seuns as kwekelinge te werf, veral aangesien die toelae maar omtrent die helfte soveel is as wat belowende seuns elders kan verdien.[3]

Die kwekelingstelsel het egter onder omstandig= hede goed gewerk in Natal, alhoewel die meeste on= derwysers gedurende die jare wat die stelsel in swang was, nog steeds van oorsee ingevoer is.[4]

c. <u>Die Pietermaritzburgse Opleidingskollege</u>

Die volgende stadium in die ontwikkeling van onderwysersopleiding wat ook vir die praktiese op= leiding van onderwysers van belang is, is die instel= ling in 1901 van die sogenaamde „Central class"-stel= sel in Durban en Pietermaritzburg. Die stelsel was soortgelyk aan dié wat in die Kaapprovinsie gevolg is.[5]

---

1) Steenkamp, L.S. a.w., p. 136.

2) Ibid., p. 136. Hierdie toelaes was heelwat meer as die heersende toelaes in die Kaapprovinsie. Kyk p.101 en p. 106.

3) Steenkamp, a.w., p. 136.

4) Kellermann, a.w., p. 222.

5) Kyk p. 109.

Hiervolgens is die kwekelinge by elk van die genoemde twee dorpe by 'n sentrale plek saamgetrek waar hulle 'n tweejarige kursus deurloop het. Vir hierdie kursus is 'n standerd VI-sertifikaat vereis.

Op 1 September 1909 is hierdie twee klasse geamal=gameer met Pietermaritzburg as setel. Van toe af het die nuwe inrigting bekend gestaan as die „Government Training College for Teachers".[1] Die opleidings=kollege het betreklik vinnig en bestendig gegroei sodat daar in 1919 vermeld kon word dat die inrigting in die eerste tien jaar van sy bestaan 450 onderwysers (esse) opgelei het, wat almal in die provinsie onder=wys gaan gee het.[2]

In die eerste jare van die kollege se bestaan het die opleiding 'n tweejarige kursus behels. Toe=lating tot die opleidingskollege is verleen op grond van die suksesvolle aflegging van 'n admissie-eksamen van ongeveer standerd VIII-standaard en op aanbeveling van die inspekteur van onderwys. Voorbereidingswerk vir die admissie-eksamen is by wyse van voorbereidings=klasse te Pietermaritzburg en Durban onderneem. Ge=durende hierdie voorbereidingskursus moes die kandi=daat bewys lewer van sy geskiktheid vir die onderwys=beroep deur praktiese onderwys onder erkende leiding.[3] Vanaf 1915 is gematrikuleerde studente sonder die voor=bereidingskursus ook toegelaat.

---

1) Kellermann, a.w., p. 223.

2) Province of Natal. Report of the Superintendent of Education, 1919, p. 4.

3) Kellermann, a.w., p. 226.

'n Ontwikkeling wat 'n baie direkte invloed op die kollege se opleidingsprogram gehad het, was die stigting van die Natalse Universiteitskollege te Pietermaritzburg in 1910. Die instelling van meer kursusse en veral kursusse met 'n akademiese karakter is mettertyd moontlik gemaak deur die noue samewerk=king wat van sy ontstaan af tussen die universiteits=kollege en die opleidingskollege bestaan het. So bv. is daar teen 1936 deur die kollege, in medewerk=ing met die universiteitskollege vier verskillende kursusse aangebied.[1] As verdere voorbeeld van die noue samewerking tussen die twee inrigtings en veral wat die praktiese opleiding van die studente betref, kan die reëlings met betrekking tot die Hoër Diploma genoem word. Die eerste jaar van hierdie kursus was suiwer akademies, terwyl in die tweede kursus=jaar twee derdes akademiese en een derde professionele vakke gevolg is. Die ofenonderwys in hierdie jaar is gedurende Februarie en elke Woensdagoggend vir die res van die jaar by skole in die stad gegee. Die derde kursusjaar was dan weer van suiwer akademiese aard en die vierde kursusjaar suiwer professioneel. Die professionele opleiding van die vierde jaar is deels aan die opleidingskollege en deels aan die uni=versiteit gegee, terwyl die oefenonderwys gesamentlik deur die personeel van die opleidingskollege en die universiteit behartig is.[2]

Die opleidingskollege het nooit 'n oefenskool as deel van die kollege gehad nie. Studente is by

---

1) Provinsie Natal. Verslag van die Supt. van Onder=wys, 1936, p. 29.

2) Kellermann, a.w., p. 233.

die verskillende stadskole vir hulle oefenonderwys geplaas.

d. <u>Die huidige posisie</u>

Onderwysers word tans soos volg in Natal opgelei:

Die Universiteit van Natal is verantwoordelik vir die opleiding van hoërskoolonderwysers in aka= demiese en ander erkende hoërskoolvakke, die Natalse Tegniese Kollege bied diploma-kursusse in Kuns, han= delsvakke en Huishoudkunde,[1] terwyl die opleidings= kolleges te Pietermaritzburg en Durban[2] algemene laerskool-diplomakursusse aanbied.[3]

Die posisie ten opsigte van die praktiese oplei= ding aan die verskillende inrigtings is soos volg: Studente aan die opleidingskolleges van Durban en Pietermaritzburg gaan elke jaar vir verskillende tyd= perke van oefenonderwys na die skole, maar bring ook gedurende die eerstejaarskursus een oggend per week by 'n skool deur.[4] By die opleidingskollege van Pietermaritzburg bring die studente gedurende hulle finale kursusjaar die hele eerste kwartaal by skole deur en word slegs deur die hoof en onderwysers be=

---

1) Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, a.w., p. 69, 74.

2) Die Durbanse opleidingskollege is in 1957 gestig en verskaf opleiding deur medium van Afrikaans. Kyk Buys, B.R., a.w., p. 262.

3) Nasionale Buro, a.w., p. 30.

4) Ibid., p. 30.

oordeel.[1] By die Universiteit van Natal word stu= dente aangemoedig om gedurende die akademiese jare drie weke ononderbroke oefenonderwys te gee, terwyl hulle gedurende die professionele jaar twee maande ononderbroke oefenonderwys moet gee.[2] Wat die Natalse Tegniese Kollege betref, geld dieselfde vereistes ten opsigte van oefenonderwys as wat voor= heen by die kolleges van Kaapstad en Port Elizabeth genoem is, t.w. 100 uur vir kursusse wat een en twee jaar en 150 uur vir kursusse wat drie en vier jaar duur.[3]

## 2. <u>Die Oranje-Vrystaat</u>

### a. <u>Die beginjare (1836-1872)</u>

In die pioniersjare van die Oranje-Vrystaat (soos tewens ook van Natal en Transvaal) was onderwys noodgedwonge die taak van die ouers. Hulle doel met die onderwys was hoofsaaklik om die kind tot so 'n peil te onderrig dat hy die Bybel kon lees en begryp, die gebruiklike geestelike lie= dere kon sing, kon katkiseer en elementêr kon reken en skryf. Hoewel die meeste ouers alles in hulle vermoë gedoen het om in die onderwysbehoeftes van hulle kinders te voorsien, het die gebrek aan skole en goeie onderwysers tog sy spore op die geestelike,

---

1) Nasionale Buro, a.w., p. 78.

2) Ibid., p. 42.

3) Ibid., p. 79.

kulturele en sedelike lewe van die opkomende geslag gelaat.[1] Op die platteland moes die ouers op eie koste van rondtrekkende en dikwels onbevoegde skool=meesters gebruik maak, terwyl die dorpskooltjies, waarvan die eerstes in Bloemfontein, Smithfield en Winburg begin is[2], weinig geldelike steun van die owerheid kon kry. Deur die toedoen van sir George Grey, die destydse goewerneur van die Kaapkolonie word in 1855 nadat die Britse soewereiniteitsperiode oor die O.V.S. reeds verkry was, 'n bedrag van £2000 van die Britse regering aan die Transgariepse ring van die N.G.-kerk toegeken met die doel om 'n inrigting van hoër onderwys te stig. Hierdie inrigting, ter ere van sir George Grey, het as die Greykollege be=kend geword en het mettertyd ontwikkel tot die Grey Universiteitskollege,[3] die teenswoordige Universi=teit van die O.V.S.

Die eerste duidelike rigting wat van owerheidsweë aan die onderwys in die O.V.S. gegee is, het in 1872, 18 jaar nadat die O.V.S. weer 'n Republiek geword het, gekom toe die Volksraad Ordonnansie nr. 5, „Op het On=derwijs voor Blanke kinderen in den Oranje Vrijstaat," aanvaar het.[4] Die bepalings van hierdie ordonnansie kon eers in 1874 met die aanstelling van dr. John Breb=ner as onderwyshoof geïmplementeer word.

---

1) Van Schoor, M.C.E. Onderwys in die Oranje-Vrystaat. (In Coetzee, J. Chr. (Red.) Onderwys in Suid-Afrika, p. 136.)

2) Ibid., p. 136.

3) Malherbe, E.G. Education in South Africa, p. 354.

4) Van Schoor, M.C.E., a.w., p. 145.

b. Die Brebner-tydperk (1874-1899)

Dr. Brebner het sy pos as onderwyshoof van die Oranje-Vrystaat in 1874 aanvaar. Vir die volgende vyf-en-twintig jaar was hy die leidende en bepalende faktor in die onderwysaangeleenthede van hierdie jong staat, eers as inspekteur van onderwys tot 1891 en van 1891 tot 1899 as superintendent van onderwys.

(1) Die kwekelingstelsel

Brebner het dadelik begin om lei= ding en rigting aan die onderwysstelsel te gee. Hy het gou besef dat die voorsiening en opleiding van eie onderwysers een van sy eerste en dringendste take sou wees. Die metode wat hy voorgestaan het om in die dringende behoefte te voorsien, was die kwekeling= stelsel, wat alreeds in 1859 in die Kaapprovinsie deur dr. Dale begin is.[1] en ook later in 1877 in Natal aan= vaar sou word.[2] Dr. Brebner se kwekelingstelsel is deur Ordonnansie nr. 1 van 1874 bekragtig.[3] Die kwekelingkursus het drie jaar geduur. Om tot die kursus toegelaat te kon word, moes 'n kandidaat ge= tuigskrifte van goeie gedrag, onderteken deur sy pre= dikant en onderwyser, aan die inspekteur van onderwys voorlê. Hy moes ook bewys kon lewer dat hy Engels en Hollands vloeiend kon lees, goed kan skryf en spel

1) Kyk hoofstuk V, bladsy 101.
2) Kyk hoofstuk VI, bladsy 121.
3) Kellermann, a.w., p. 242.

en ook bedrewe is in die vier hoofbewerkings van Rekenkunde.[1] As die kandidaat die toets geslaag het, is hy vir twee jaar as kwekeling by 'n onderwyser wat deur die inspekteur geskik geag is om kwekelinge op te lei, aangestel. Die kwekeling moes aan die laer klasse onderwys gee en hy moes self vyf uur per week by die onderwyser onderwys ontvang. Aan die einde van elke jaar doen die kwekeling dan eksamen. As hy slaag, kry hy 'n staatstoelaag van £15 vir die eerste jaar en £25 vir die tweede jaar. Gedurende die derde jaar van die kursus moes die kwekeling sy studie aan die Greykollege of in die geval van 'n meisie aan 'n geskikte meisieskool te Bloemfontein, voortsit. Gedurende die derdejaarkursus word die kwekeling dan verder opgelei in die vakke soos vereis vir die onderwyserseksamen[2] en ook in die teorie en die praktyk van onderwysgee. Aan die einde van die kursus is die Derdeklas-Onderwysersertifikaat aan die kwekeling uitgereik en 'n staatstoelaag van £60 aan hom uitbetaal. Vir elke kwekeling wat in sy eksamen geslaag het, het die onderwyser 'n bonus van £5 ontvang.[3]

Die kwekelingstelsel het aanvanklik maar min kwekelinge gelok en vir 'n geruime aantal jare 'n kwynende bestaan gevoer. In Mei 1875 was daar bv. slegs drie kwekelinge, in 1880 ses. In 1884 slegs

---

1) Kellermann, a.w., p. 242.

2) Die standaard van die eksamen was min of meer gelyk aan die van standerd VI. (Kellermann, a.w., p. 243.)

3) Malherbe, a.w., p. 367.

vyf, sewe in 1890 en tien in 1893. Vanaf 1893 het die getalle egter vinniger toegeneem sodat daar in 1895 een-en-twintig kwekelinge met hulle opleiding besig was.[1]

(2) <u>Die normaalskool</u>

Die toename in die aantal kweke= ling-onderwysers het die behoefte aan 'n spesiale inrigting vir die opleiding van onderwysers sterk na vore gebring. So rapporteer dr. Brebner in 1895 onder andere: „Het is toch van groot belang dat de toekomstige onderwijzers sijstematisch opgeleid wor= den in de methode van onderwijsgeven, en ik zou gaarne zien dat de kweekelingen hun derde jaar op een Normaal- of Opleidingsschool kunnen doorbrengen."[2]

Hierdie wens van die superintendent van onderwys is toe in 1898 vervul met die aanstelling van P.J. du Pré le Roux as normaalskoolonderwyser. Hy het sy werksaamhede op 12 Oktober 1898 aanvaar. Hierdie datum kan dus as die openingsdag van die eerste nor= maalskool in die Oranje-Vrystaat beskou word. Die studente het bestaan uit kwekelinge wat die derde jaar van hulle opleiding in Bloemfontein moes deurbring en uit kandidaat-onderwysers wat hulle vir die eersvol= gende onderwyserseksamen moes voorberei. Die inrig= ting het sy begin gehad in 'n klaskamer van die dames= instituut Eunice. Vir hulle oefenonderwys is die

---

1) Oranjevrijstaat. Verslag van den staat van het openbaar onderwijs, 1895, p. vi.

2) Ibid., p. xii.

studente na twee dorpskole uitgestuur. Die super= intendent van onderwys wou egter gehad het dat die studente hulle praktiese werk by 'n skool wat aan die opleidingskool verbonde was, moes doen. Hy het ge= volglik by die Volksraad aanbeveel dat in die behoef= te voorsien moes word. Dr. Brebner het egter in Januarie 1899 na vyf-en-twintig jaar diens afgetree en met die uitbreek van die Engelse oorlog in Oktober 1899 het die eerste opleidingsinrigting vir onderwy= sers doodgeloop.[1)]

c. <u>'n Oorsigtelike beeld van die ontwikkeling van praktiese opleiding van onderwysers vanaf 1901</u>.

Nog voor die afloop van die oorlog het die Britse besettingsmagte vir E.B. Sargant as direk= teur van onderwys vir Transvaal en die Oranjerivier-kolonie aangestel. Sargant het met die kwekelingstel= sel van die Vrystaatse republiek weggedoen en in 1902 'n normaalskool vir die opleiding van laerskoolonder= wysers in Bloemfontein geopen. Die opleidingskursus was suiwer professioneel en het ses maande geduur. Vanaf 1904 is die opleiding egter verleng tot 'n jaar.[2)]

Aangesien die toelatingsvereiste tot die normaal= skool die matrieksertifikaat van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop of 'n gelykwaardige kwalifikasie was, het die skool aanvanklik moeite ondervind om genoeg studente te kry. Sargant het egter verkies om tydelik

1) Kellermann, a.w., p. 245-6.

2) Van Schoor, a.w., p. 166.

die toelatingsvereiste te verlaag liewer as om weer die kwekelingstelsel te laat herleef. Sy doel met die oprigting van die normaalskool was juis „to do away with the pupil-teacher system which had worked so much mischief in England and Wales".[1] Die prak=tiese voorbereiding van die studente is gedoen by sko=le in Bloemfontein, te wete by die Brebnerskool, die Modelskool en in ander skole.[2]

In 1910 is daar ook 'n begin gemaak met die op=leiding van hoërskoolonderwysers toe dr. G. Knothe as die eerste professor in Opvoedkunde aan die Grey Universiteitskollege, aangestel is. Die opleidings=kursus was eenjarig,[3] d.w.s. na verwerwing van 'n graad.

Omdat fasiliteite aan die normaalskool ontoe=reikend was vir die opleiding van genoegsame laer=skoolonderwysers, is alreeds met die Hertzog-onder=wyswet van 1908 voorsiening gemaak vir die instelling van normaalkursusse aan een of meer goedgekeurde hoërskole. Die kursus sou drie jaar duur en die toelatingsvereiste was standerd VII. Gedurende die kursus sou die leerlinge die gewone middelbare kur=sus volg, plus spesiale klasse in Opvoedkunde en praktiese werk. Die praktiese werk moes minstens

---

1) a. Transvaal and Orange River Colony. Report of the Director of Education, 1900-1904, p. 27.
   b. Kyk ook hoofstuk V, bladsye 107, 108.

2) Kellermann, a.w., p. 249.

3) Ibid., p. 250.

vier uur oefenonderwys per week wees. In 1911 is bepaal dat die eerste twee jaar van die kursus aan die middelbare skole te Bethlehem, Boshof, Kroonstad en Ladybrand gevolg kon word en die derde jaar aan die normaalskool te Bloemfontein. Hierdie kursusse het in 1912 in werking getree, maar is weer teen die einde van 1914 afgeskaf. In sy verslag vir 1916 noem die direkteur van onderwys die hele stelsel 'n mislukking omdat die leerlinge op weinig uitsonderings na, uit die swakstes van hulle klas bestaan het.[1)]

In 1912 is die status van die normaalskool verhoog tot die van normaalkollege. Die opleiding het voor= lopig 'n driejarige kursus gebly, dit wil sê twee jaar akademiese opleiding vir studente wat nie in besit van die matrikulasiesertifikaat was nie en een jaar professionele opleiding.

Die behoefte aan 'n beter opleiding het daartoe gelei dat die provinsiale administrasie in 1920 'n skema van samewerking tussen die normaalkollege en die universiteitskollege goedgekeur het waarvolgens gematrikuleerde mans 'n tweejarige kursus moes deur= loop, nl. een jaar akademiese opleiding aan die uni= versiteitskollege en een jaar professionele oplei= ding aan die normaalkollege. Damestudente kon die nuwe tweejarige of die bestaande eenjarige kursus volg.[2)]

---

1) Oranje-Vrystaat. Departement van Onderwys. Rapport van die Direkteur van Onderwys, 1916, p. 22.

2) Ibid., 1920, p. 19.

Teen 1936 het die stelsel van praktiese oplei= ding van laerskoolonderwysers in die O.V.S. soos volg daar uitgesien: By die normaalkollege is 'n groot primêre skool in die nabyheid van die kollege tot die beskikking van die kollegepersoneel gestel vir proef= nemings in verband met nuwe metodes in die onderwys. Verder is 'n eenonderwyserplaasskool naby die kollege opgerig, en onder toesig van die rektor gestel. Hier kon studente die geleentheid kry om die probleme van die plaasskool te bestudeer. Die studente is dus voorberei om op die platteland of in die dorpe onderwys te gee.

Vir oefenonderwys is van die studente verwag om vir 8 weke wat opgedeel is in periodes van veertien dae elk, gedurende die twee jaar van hulle opleidings= kursus praktiese onderwyswerkin die laerskole te doen. Verder moes hul vir veertien dae aan die begin van die tweede kursusjaar 'n plaasskool besoek. Stu= dente het verder die eenonderwyserskool van tyd tot tyd besoek om daar les te gee.[1)]

Teen 1951 was die reëlings vir die oefenonder= wys aan die normaalkollege soos volg:[2)] Behalwe die demonstrasielesse waar die dosent self optree voor 'n klas of die les laat waarneem deur 'n student en wat gevolg word deur 'n algemene bespreking, word die studente ook weekliks die geleentheid gebied om een of ander les onder toesig van die dosent waar te

---

1) Oranje Vrystaat. Departement van Onderwys. Rap= port van die Direkteur van Onderwys, 1936, p.100.

2) Provinsie Oranje Vrystaat: Verslag van die provin= siale onderwyskommissie, 1951, p. 289-290.

neem en van hom die nodige leiding en teregwysings te ontvang..

Verder kom nog die langer periodes van twee of drie weke oefenonderwys by. Hier moet die student verantwoordelikheid vir die klas oorneem en kan hy onder leiding van die klasonderwyser en die dosent kennis maak met die daaglikse lewe en werk in die skool. Hierdie langer periodes van praktiese on= dervinding is van die uiterste belang omdat die stu= dent dan volle verantwoordelikheid vir die werk en die dissipline van die klas moet aanvaar. Hiervoor word gebruik gemaak van die skole in Bloemfontein sowel as op die platteland. Wat die demonstrasielesse sowel as die weeklikse oefening gedurende die jaar betref, word die fasiliteite waaroor die inrigting beskik as baie ondoeltreffend beskou. Die kollege beskik nie oor sy eie oefenskool nie en is afhanklik van die fasiliteite wat hoofde van skole in die buurt van die kollege goedgunstiglik verskaf.

Die provinsiale onderwyskommissie van die O.V.S. se verslag van 1951 beveel, na aanleiding van die heersende probleme wat ten opsigte van die praktiese opleiding van studente ondervind word, aan dat 'n eie oefenskool op die terrein van die normaalkollege voor= sien moet word. Hiervoor stel hulle 'n gebou voor met 'n aantal gewone klaskamers en een groot kamer vir demonstrasielesse.[1)]

In die 1951-jaarverslag van die rektor van die

---

1) Provinsie Oranje-Vrystaat, a.w., p. 290.

Onderwyskollege van die U.O.V.S.[1] word dan ook ver= meld dat die beoogde bouprogram van die kollege 'n eie oefenskool op die kollegeterrein insluit. Ver= der word verklaar dat die personeel eenparig in hulle beskouing is dat 'n eie oefenskool 'n saak van die dringendste belang is.[2] Hierdie oefenskool is wel opgerig maar het blykbaar weer in onbruik geraak, want in die rektor se jaarverslag van 1962 word ver= meld dat die geboue van die eertydse oefenskool, wat vir drie jaar leeg gestaan het, vir 'n ander doel aangewend sou word.[3]

d. Die huidige posisie

Die huidige posisie ten opsigte van die opleiding van onderwysers in die O.V.S. kan kortliks soos volg saamgevat word: Die Universiteit van die O.V.S. is die enigste inrigting in hierdie provinsie wat vir die opleiding van hoërskoolonderwysers in al die verskillende hoërskoolvakke en -spesialiserings= rigtings verantwoordelik is.[4] Die Onderwyserskol= lege van die U.O.V.S. is die enigste inrigting wat die opleiding van laerskoolonderwysers onderneem.[5]

---

1) Die amptelike benaming van die normaalkollege vanaf 1951. Kyk Provinsie Oranje-Vrystaat. Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1951, p. 92.

2) Provinsie Oranje-Vrystaat. Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1951, p. 92.

3) Ibid., 1962.

4) a) Nasionale Buro vir opv. en maatsk. navorsing, a.w., p. 35.
   b) Universiteit van die O.V.S. Jaarboek 1968, pp. 119- 214, 228, 229.

5) Universiteit van die O.V.S., a.w., p. 230.

Die posisie ten opsigte van die praktiese op=leiding aan die twee inrigtings is kortliks soos volg: Aan die U.O.V.S. gee studente slegs in hulle laaste kursusjaar oefenonderwys. In die geval van al die kursusse is die laaste kursusjaar eintlik bedoel vir die professionele opleiding. Skole word gedurende die eerste drie kwartale vir twee weke per kwartaal besoek.[1)] Studente moet 'n behoorlike verslag voor=lê van 'n minimum van vyftig proeflesse wat hulle self in skole aangebied het. Die finale syfer vir oefenonderwys word gegrond op die skoolpraktyk van die hele jaar. Indien 'n studente in sy oefen=onderwys druip, kan hy na 1 April van die volgende jaar 'n hereksamen aflê, op voorwaarde dat sodanige hereksamen slegs kan plaasvind nadat die hoof van die skool en die inspekteur van onderwys onder wie se toesig die kandidaat in die onderwys staan, dit skriftelik aanbeveel het.[2)]

Die Onderwyserskollege reël dit so dat die stu=dente gedurende hulle opleiding by verskillende skole vir vyf tydperke van tussen tien en veertien dae elk oefenonderwys gee.[3)]

---

1) Nasionale Buro vir opv. en maatsk. navorsing, a.w., p. 42.

2) Universiteit van die O.V.S. Jaarboek 1968, p. 225.

3) Nasionale Buro vir opv. en maatsk. navorsing, a.w., p. 30.